Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 14 JUNIE 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Snr Beestuurder: Menslike Hulpbrondienste, me S de Jongh
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 16 MEI 2017

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 16 Mei 2017 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 JUNIE 2017

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 JUNIE 2017

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 16 MEI 2017

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 VOORLEGGING VAN DIE 2017/2018 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/3)

Artikel 53 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die munisipaliteit se SDBIP binne 28 dae na die goedkeuring van die begroting deur die burgemeester goedgekeur word.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik – op navraag van rdl O M Stemele aangaande die akkommodering van nuwe kapitaalprojekte, met spesifieke verwysing na toegang tot sportfasiliteite – dat nuwe versoeke tydens die hersiening van die GOP en begroting vanaf September 2017 oorweeg sal word.

BESLUIT

Dat die aangehegte 2017/2018 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) goedgekeur word.

7.2 VOORLEGGING VAN DIE 2017/2018 PRESTASIE-OOREENKOMSTE EN –PLANNE (2/4/2)

Artikel 69 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) bepaal dat die prestasie-ooreenkomste binne 14 dae na goedkeuring van die jaarlikse begroting aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê moet word.

Die prestasie-ooreenkomste is opgestel in terme van artikel 57 van die Munisipale Stelselswet (Wet 32 van 2000).

7.2/...

Die Munisipale Bestuurder meld – na aanleiding van die versoek van die ANC tydens die raadsvergadering op 25 Mei 2017 om prestasiebonusse te implementeer – dat dit nie in die beste belang van Swartland Munisipaliteit is om die versoek te oorweeg nie. Die ondervinding is dat kernprestasie-indikatore en –teikens gemanupileer word ten einde te kwalifiseer vir prestasiebonusse. In teenstelling slaag Swartland Munisipaliteit daarin om innoverende kernprestasie-indikatore en –teikens daar te stel om sodoende stelsels en dienslewering voortdurend te verbeter.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder en direkteure se prestasie-ooreenkomste en -planne vir die 2017/2018 finansiële jaar.

7.3 HERSIENING VAN DIE RAMPBESTUURSPLAN VIR SWARTLAND (17/5/1/1)

Die doelstelling van die Swartland Rampbestuursplan is, onder andere, om toe te sien dat rampbestuur aandag geniet in die strategiese en operasionele beplanning van alle lynfunksies binne die Munisipaliteit. Verder, dat 'n geïntegreerde, spoedige en doeltreffende reaksie op noodgevalle en rampe deur alle belanghebbendes verseker word.

Die plan vereis dat daar jaarliks 'n hersiening en opdatering plaasvind om te verseker dat die korrekte inligting in die plan vervat word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die hersiende 2017 Rampbestuursplan, asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko vermindering (*risk reduction*);

(b) Dat die hersiende Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedgekeur word, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om sodoende seker te maak dat die inhoud altyd relevant en op datum is;

(c) Dat, soos deur die Rampbestuurswet voorgeskryf, ‘n afskrif van die goedgekeurde hersiende plan voorsien word aan die Weskus Rampbestuursentrum, Provinsiale Rampbestuursentrum asook die Nasionale Rampbestuursentrum.

7.4 HERSIENING/OPDATERING VAN DIE VERORDENING INSAKE BRANDVEILIGHEID (1/1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste bevestig dat die Verordening insake Brandveiligheid ingevolge 'n prestasie-indikator jaarliks hersien moet word.

Die betrokke verordening is op 11 Julie 2014 in Provinsiale Koerant, Nr 7285, afgekondig en vereis geen aanpassing nie.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem dat die Verordening insake Brandveiligheid in Provinsiale Koerant, Nr 7285 gedateer 11 Julie 2014 afgekondig is en dat daar tans geen wysigings voorgestel word nie.

7.5 WYSIGING VAN DIE OORTYDBELEID (4/2/B)

Die gewysigde Oortydbeleid is na goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met ingang van 1 April 2016 geïmplementeer. Die praktiese toepassing van paragraaf 9.5 het egter probleme geskep deurdat sekere amptenare benadeel is deurdat hulle salarisskaal reeds hoër was as die voorgestelde oortyd-toelaag.

7.5/...

Die voorsitter gee geleentheid aan die Snr Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste, me S de Jongh, om die nuutste wysigings aan die beleid voor te hou.

Die nuutste wysigings aan die Oortydbeleid is op Bestuursvlak bespreek, en ook tydens ’n Plaaslike Arbeidsforumvergadering op 16 Mei 2017, waartydens beide vakbonde – Imatu en Samwu – die voorgestelde wysigings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel het.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die proses wat gevolg is en beide SAMWU en IMATU se betrokkenheid by en deelname aan die proses;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Oortydbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Julie 2017.

7.6 SWARTLAND VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS: WYSIGING VAN SKOFTE (4/2/B)

Die Vekeer- en Wetstoepassingsdiens is in 2013 ingestel na die ontbinding van die Swartland Munisipale Polisiediens.

Die skofstelsel wat sedert 2013 geïmplementeer was is nie bevorderlik vir dienslewering nie, en is ’n nuwe skofstelsel in oorleg met die vakbonde ontwikkel.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die uitdagings en tekortkominge met die bestaande skofstelsel;

(b) Dat die voorgestelde nuwe skofstelsel vir die Verkeer- en Wetstoepassingsdiens met ingang van 1 Julie 2017 geïmplementeer word vir ‘n toetsperiode van twaalf (12) maande;

(c) Dat die skofstelsel gedurende die toetsperiode gemonitor en geëvalueer word ten einde enige wysigings en/of verbeterings in die stelsel na afloop van die toetsperiode te kan implementeer.

7.7 STIGTING VAN DIE ‘COMMUNITY WORK PROGRAMME” PLAASLIKE VERWYSINGSKOMITEE (17/2/2)

Die doelstelling van die ‘Community Work Programme’ is op 22 Maart 2017 deur die Dhladhla Stigting aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgehou.

Die volgende stap is om die Plaasliek Verwysingskomitee te stig wat getaak sal word om die Dhladhla Stigting as implementeringsagent by te staan in die uitrol van die program, sowel as deur die vervulling van ’n oorsigrol.

Hierdie komitee sal, onder andere, bestaan uit afgevaardigde(s) van die (1) wykskomitees, (2) burgerlike samelewing, (3) gemeenskapsleiers, (4) politieke *champion* en (5) amptenare van die onderskeie betrokke regeringsfere.

BESLUIT

(a) Dat, ten einde ’n regverdige verdeling van werksgeleenthede te bewerkstellig, die 500 werksgeleenthede pro-rata verdeel word in die 12 wyke, m.a.w. 500 ÷ 12 = 41 werksgeleenthede per wyk, en dat die oorblywende 8 werksgeleenthede geallokeer word waar ’n spesifieke projek dit noodsaak, soos besluit deur die LRC;

(b) Dat die verteenwoordigers vanaf Swartland Munisipaliteit na die LRC-komitee as volg goedgekeur word:

7.7(c)/...

- Een verteenwoordiger van elke wykskomitee;
- Me H Balie van die Departement: Ontwikkelingsdienste (sekunde, me C du Plessis)
- Rdl P E Solomons (sekunde, rdl O M Steleme) as *Political Champion*;

(c) Dat die name van verteenwoordigers op die LRC-komitee dienooreenkomstig aan die Dhladhla Stigting deurgegee word.

7.8 TENDER L01.16.17: VERKOOP VAN ERF 11282, MALMESBURY (8/2/2/8)

Die voormalige Raad het op 28 Julie 2016 goedkeuring verleen dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle ingewin word vir die verkoop van erf 11282, Malmesbury vir doeleindes van ’n parkeer-/rangeerarea met gepaardgaande ablusiefasiliteite vir vragmotors.

Die Munisipale Bestuurder verduidelik die twee-koevertstelsel wat gevolg is. Die eerste koevert het die ontwikkelingsvoorstelle bevat wat die deur die tenderkomitees geëvalueer is. Slegs twee tenders is ontvang, naamlik die van Pioneer Foods (Pty) Ltd en Swartland Truck Stop (Pty) Ltd. Laasgenoemde tender is tydens die evaluering van die ontwikkelingsvoorstelle uitgeskakel, aangesien die minimum vereiste van 70 punte nie behaal kon word nie.

Die verslag het dus ten doel om die monetêre aanbod (tweede koevert) van Pioneer Foods (Pty) Ltd te oorweeg.

BESLUIT

(a) Dat Tender L01.16.17 vir die Verkoop van Erf 11282 Malmesbury toegeken word aan Pioneer Foods (Pty) Ltd vir die bedrag van R2 miljoen, uitgesluit Belasting op Toegevoegde Waarde;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die oordrag van die bate (Erf 11282 Malmesbury) aan Pioneer Foods om deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste afgehandel te word.

7.9 HUUROOREENKOMS: MOORREESBURG POSDUIFKLUB (17/9/2/R)

Die voormalige Moorreesburg Munisipaliteit het ’n gebou aan die Moorreesburg Posduifklub verhuur, welke verhuring gestaak moes word met die vervreemding van die betrokke grond aan *Prospect Park CC* vir die Paradyskloof-ontwikkeling.

Met die vervreemding van die grond is daar met die ontwikkelaars ooreengekom dat hulle op erf 42 wat aan die Raad behoort en wat ook ander sportfasiliteite huisves, ‘n gebou moes oprig om die Posduifklub te hervestig. Weens die heersende ekonomiese toestande het die ontwikkeling nie gerealiseer nie, en is daar besluit om eers uit raadsfondse ‘n gebou op erf 42 op te rig en dat gepoog sal word om later die kostes vanaf die ontwikkelaar te verhaal.

Die gebou op erf 42 is intussen voltooi en reeds deur die Posduifklub betrek.

Aangesien ‘n ooreenkoms nodig was om die dienste-aansluitings te kon doen, is daar op bestuursvlak goedkeuring verleen dat die Administrasie voortgaan om ‘n huurooreenkoms vir ‘n driejaarperiode te finaliseer.

BESLUIT

Dat die besluit van bestuur gekondoneer word vir die aangaan van ‘n huurooreenkoms met die Moorreesburg Posduifklub vir ‘n periode van drie jaar, met ingang vanaf 1 Junie 2017, en ten bedrae van R10,00, BTW uitgesluit per jaar, op dieselfde voorwaardes wat op die verhuring van ander sportfasiliteite toepaslik is.

7.10/...

7.10 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE- EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 FEBRUARIE 2017 (11/1/3/1/7)

Die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 21 Februarie 2017, is met die sakelys gesirkuleer.

Die komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en maak hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging. Daar is egter nie enige aanbevelings van die komitee in die betrokke notule waarvoor 'n raadsbesluit benodig word nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko Ouditkomitee se vergadering van 21 Februarie 2017.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE – MEI 2017 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat uitstaande skulde wesenlik afgekom het weens intensiewe aksies gedurende Mei om agterstallige skulde in te vorder. Hierdie aksies sal in Junie voortgesit word in die hoop om verdere vordering te bewerkstellig vir rapportering in die finansiële state ten opsigte van die periode waarteen die Munisipaliteit gemeet word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Mei 2017.

7.12 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Mei 2017 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.13 VOORRAADOPNAME: 2017 (6/1/1)

Die jaarlikse voorraadopname is geskeduleer vir Donderdag, 22 Junie 2017.

Op navraag deur die voorsitter of dit nodig is dat raadslede die voorraadopname bywoon, noem die Direkteur: Finansiële Dienste dat hierdie werkwyse baie vertroue inboesem by die Ouditeur-Generaal, veral ten opsigte van die oorsigrol van die Raad.

BESLUIT

(a) Dat rdl M van Zyl aangewys word om die voorraadopname by die Stoor: Elektriese Dienste in Moorreesburg by te woon;

(b) Dat rdle R F van der Westhuizen en O M Stemele aangewys word om die voorraadopname by die Magasyn en Skryfbehoeftestoor in Malmesbury by te woon;

(c) Dat kennis geneem word dat die Senior Magasynmeester graag stiptelik om 09:00 'n aanvang wil neem met die voorraadopname by die Magasyn in Malmesbury.

7.14 AFSKRYF VAN SKRYFBEHOEFTES: 2017 – SKRYFBEHOEFTESTOOR (6/1/4)

Daar is ‘n aantal ‘cartridges’ in die Skryfbehoeftestoor wat onbruikbaar is, deurdat die drukkers waarvoor dit benodig word deur die IT-afdeling met nuwe drukkers vervang is.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat ‘n verbeterde werkwyse tussen die IT-afdeling en Skryfbehoeftestoor reeds geïmplementeer is om in die toekoms te voorkom dat ‘cartridges’ in onbruik raak.

BESLUIT

Dat die uitgediende items volgens die aangehegte lys vir die 2016/2017 finansiële jaar ten bedrae van R9 031.44 (BTW uitgesluit) afgeskryf word.

7.15 AFSKRYF VAN BATES TEN DOEL OM DIT VAN DIE BATEREGISTER TE VERWYDER MET BETREKKING TOT VERSEKERINGSEISE (6/1/4)

Die verslag het ten doel om die bates volgens die aangehegte lys wat reeds deur middel van versekeringseise vervang is, af te skryf sodat dit van die Bateregister verwyder kan word.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die bates volgens die aangehegte lys ten bedrae van R27 801.91 afgeskryf word en dat die vermelde bates vanaf die Bateregister verwyder word.

7.16 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die verlof van die Munisipale Bestuurder moet aan die Uitvoerende Burgemeesters-komitee vir oorweging voorgelê word.

Aangeheg tot die sakelys is die skedule van verlof, ook t.o.v. die ander direkteure, vir die Junie/Julie skoolvakansie.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat Maandag, 19 Junie 2017 tot die skedule bygevoeg word, synde as gesinsverantwoordelikheidsverlof vir die Munisipale Bestuurder, sowel as Vrydag, 30 Junie 2017 as vakansieverlof deur die Direkteur: Beskermingsdienste

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 17 Maart 2017 (1 dag)
- 19 Junie 2017 (1 dag – gesinsverantwoordelikheidsverlof)
- 30 Junie – 10 Julie 2017 (7 dae)

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder, en indien, om welke rede ookal die Direkteur: Korporatiewe Dienste nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Finansies sal waarneem.

7.17 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES (VOERTUIE) GEïDENTIFISEER VIR 2017/2018 BOEKJAAR AAN SWELLENDAM MUNISIPALITEIT (6/1/3)

‘n Skriftelike aanbod is ontvang vanaf Swellendam Munisipaliteit om die onderstaande sewe voertuie ten bedrae van R800 000 (BTW uitgesluit) vanaf Swartland Munisipaliteit te bekom wat geïdentifiseer is vir vervanging in die 2017/2018 finansiële jaar, naamlik:

7.17/...

- CK18292 – Case Digger (2007 Model);
- CK23693 – Nissan UD80 with Crane (2005 Model);
- CK34112 – Nissan Cabstar UD40 (2009 Model);
- CK38353 – Nissan Bakkie (2009 Model);
- CK39500 – Isuzu 240 4x4 (2009 Model);
- CK40697 – Citi Golf (2009 Model); and
- CK43248 – Isuzu KB (2011 Model).

BESLUIT

(a) Dat die aanbod van Swellendam Munisipaliteit ten bedrae van R800 000 (BTW uitgesluit) aanvaar word vir die aankoop van voormelde voertuie;

(b) Dat die voertuie eers aan Swellendam Munisipaliteit beskikbaar gestel sal word by betaling van die R800 000 (BTW uitgesluit), en wanneer die nuwe voertuie deur Swartland Munisipaliteit in ontvangs geneem is;

(c) Dat voormelde voertuie voetstoots aan Swellendam Munisipaliteit verkoop word en dat die voertuie self deur Swellendam Munisipaliteit afgehaal sal word.

7.18 GOEDKEURING VAN KREDIETFASILITEITE (5/16/B)

Standard Bank is deur middel van ‘n tenderproses aangestel om die bankdienste van Swartland Munisipaliteit vir ‘n periode van vyf jaar, met ingang van 1 Julie 2017, te behartig.

Kredietfasiliteite word benodig vir vlootbestuur-doeleindes (petrolkaarte, tolgelde,ens), sowel as bankwaarborge.

BESLUIT

(a) Dat magtiging verleen word aan die Munisipale Bestuurder om gebruik te maak van die normale kredietfasiliteite as deel van die tender vir die lewering van bankdienste soos toegeken aan *Standard Bank of SA*, en streng volgens die uiteensetting in die tenderdokument, wat insluit bankwaarborge met ingang van 1 Julie 2017 vir die duur van die tender;

(b) Die bedrae vir die onderskeie kredietfasiliteite is as volg:

- Bankwaarborde – R170 900.00
- Vlootbestuur kredietfasiliteite – R1 000 000.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER